

Sondag 12 Februarie

Skrifgedeelte: Handeling 4:1-31

Fokusgedeelte: Handeling 4:31; 13:52; 19:6

Kenmerke van die vervulling met die Gees

By die doop met die Heilige Gees tydens Pinkster het die Gees van God nie alleen amptelik intrek geneem in die kerk nie. Hulle is tegelyk ook vervul met die Heilige Gees sodat hulle met vrymoedigheid begin spreek soos wat die Gees dit aan hulle gegee het om uit te spreek.

Hierna sou verdere vervullings met die Gees plaasvind, elke keer met kenmerkende gevolge. Die dissipels is só deur God in beslag geneem dat hulle met die nodige gawes toegerus is om sy gestuurdes in hierdie wêreld te wees. By meer as een geleentheid was dit besonderlik gerig op Christus se laaste opdrag voor sy hemelvaart: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”

Vervulling met die Gees blyk dus uit die kenmerke soos ’n tydelike versterking, sodat met entoesiasme en geestelike krag die evangelie verkondig word. Dit kan ook ’n voortdurende proses van geloofsgroei en toename in die heiligmaking na vore bring waarin die vrug van die Gees duideliker sigbaar word (liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, sagmoedigheid en selfbeheersing).

Die vervulling met die Gees kom na vore uit ons alledaagse houding teen-oor God en teenoor mekaar. Pleks van leuens, vuil en driftige taal, spreek ons onder mekaar met psalms, lofsange en geestelike liedere.

Daarby moet ons altyd God die Vader dank vir die geloofswerke; die liefdesoffers; en die volharding op die hoop op ons Here Jesus Christus wat uit ’n Geesvervulde lewe sigbaar moet wees.

Sing: Psalm 145:1, 10 (1936)

Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)